IRiLiS / CRH
Yearbook for Ritual and Liturgical Studies
Vol. 36 (2020) 138–145 • https://doi.org/10.21827/YRLS.36.138-145

# Die Erediens van die Lewe: ‘n Prakties-Teologiese Verkenning

*Jaco Barnard*

## 1 Inleiding

Hierdie navorsing, met ‘n definitiewe fokus op die liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, het vanuit die werkshipotese te werk gegaan dat liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en dat die erediens sentraal tot die ontdekking en realisering van die kerk se lewensimpakterende potensiaal in die huidige tydsgees, en Suid Afrikaanse konteks, staan.

Die navorsing vra die vraag: Het die Sondag-erediensgebeure ’n effek op die gelowige individu, se Christelike identiteit en lewenswyse? Die studie het van ‘n *grounded theory* metode van empiriese ondersoek gebruik gemaak, waar die erediensbelewenis van lidmate (vanuit drie verskillende denominasies in die Ooste van Pretoria), en die betekenis wat aan verskeie liturgiese rituele geheg word, verken is. Die navorsing het die potensiële impak (of gebrek daaraan) van die erediens ondersoek, deur die empiriese ondersoek met bestaande literatuur in gesprek te bring, met die doel om ‘n teorie te genereer sodat die lewensimpakterende potensiaal van die erediens tot sy volle reg kan kom.

## 2 Verskillende perspektiewe rakende die verband tussen geloof en lewe

In hoofstuk 2 word ondersoek ingestel na verskillende perspektiewe rakende die verband tussen geloof en lewe. Vanuit die studie van die filosofie van geleefde religie, asook die godsdienssielkunde, bestaan daar geen eenstemmigheid oor die verband tussen ‘n persoon se geloof en sy/haar lewenswyse nie, alhoewel dit in sommige gevalle voorkom asof geloof wel ‘n effek het op etiese besluitneming en aksies, asook ‘n gesonde leefstyl help kweek. Vanuit ‘n teologiese perspektief verstaan Johan van der Merwe die verband tussen die erediens en die lewe, as ‘n dubbele onderbreking, waardeur die erediens as samekoms van gelowiges, en die alledaagse lewe mekaar voortdurend wedersyds onderbreek. Calvyn was self daarvoor bekend dat hy in sy preke gereeld op die belangrike verband tussen die erediens en die lewe gewys het, en dat die waarhede van die erediens gestalte in die daaglikse lewe van die gemeente moes vind. Die navorser sluit aan by hierdie uitgangspunt, en bou daarop voort deur ‘n saak te stel vir die verstaan van die erediens as erediens van die lewe – dus, dat die erediens en lewe nie twee gestaltes is, wat mekaar voortdurend onderbreek nie, maar juis onlosmaaklik en voort-

* Hierdie tesis was aanvaar op 8 April 2020, deur die Fakulteit Teologie en Godsdienswetenskap, Universiteit van Pretoria, Hatfield, Suid Afrika. Studieleier: prof. dr. Cas Wepener. Epos: jaco@nggars.org.za.

durend aan mekaar verbind is en in mekaar voortleef – dus word die verband tussen die erediens en die lewe eerder verstaan in terme van 'n vervloeiing as 'n onderbreking.

## 3 'n *grounded-theory* empiriese ondersoek

In hoofstuk 3 is die bevindinge van die empiriese ondersoek weergegee, en in diepte bespreek, ten einde roetemerkers vir die ondersoek wat volg te gee. Nadat 'n kort beskrywing van metode van ondersoek, asook die navorsing-steekproef gegee is, is daar 'n tydlyn van die empiriese ondersoek uiteengesit, waarvolgens die persoonlike observasies, vanuit die navorser se besoeke aan die gemeentes (veral tydens hul onderskeie eredienste) uitgepak is. Na afloop van die bespreking van die persoonlike (liturgiese en erediens) observasies, is die fokus verskuif na die inligting wat vanuit die persoonlike- en fokusgroeponderhoude bekom is. Die navorser het 'n keuse vir die *grounded theory* kwalitatiewe metode van data analise, soos beskryf deur Kathy Charmaz, Barney Glaser en Hennie Pieterse, gemaak om die bydraes vanuit die onderhoude te analiseer. Getrou aan hierdie benadering, is die data vanuit die onderhoude, verwerk volgens drie fases, naamlik: (1) die induktiewe fase (*open coding*) waardeur aanvanklike kategorieë onderskei, en 'n oop-kodering analitiese model ontwikkel is; (2) die deduktiewe fase (*selective coding*) waartydens selektiewe data vir verder analise gekies is, op grond van die hipoteses wat tydens die fase van open coding ontwikkel is; en (3) teoretiese kodering en die konstruksie van 'n praxis teorie ten opsigte van die navorsingsfokus. Na afloop van die induktiewe- en selektiewe fase, is die kategorieë vir verdere ondersoek identifiseer, en is die kernkategorie as volg verwoord: "Die erediens het betekenis vir die lewe van gelowiges, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan."

Tydens die derde fase, naamlik teoretiese kodering, is gepoog om 'n praxis teorie, op grond van die empiriese ondersoek, daar te stel. Die verskillende kategorieë is in verhouding met die kernkategorie geplaas, om sodoende die ontluikende praxis teorie te identifiseer en verder te verken. Die kategorieë is vervolgens na twee konsepte verwerk, naamlik: die erediens en die lewe; asook die erediens in lewe (met die klem op die verband tussen die 'en' en die 'in'). Die ontluikende praxis teorie het verwoord dat wanneer die Sondag-erediens relevant is tot die lewensvrae- en omstandighede van lidmate, die impak daarvan tot gevolg sal hê dat die Sondag-erediens (erediens en die lewe) voortleef gedurende die week in die alledaagse leefruimtes van gelowiges (die erediens in die lewe). Hierdie praxis teorie is daarvolgens op grafiese wyse, aan die hand van die beeld van die uurglas uitgebeeld, en verduidelik dat, net soos die uurglas se twee helftes mekaar voed (soos wat die uurglas gekantel word), die Sondag-erediens die erediens van die lewe voed – hetsy op 'n positiewe of negatiewe wyse, en andersom.

# 4 Die erediens [en] die lewe

In hoofstuk 4 het die bespreking van die eerste kernkonsep, naamlik: die erediens en die lewe, gevolg. Ten eerste is bevind dat, op grond van die empiriese ondersoek, lidmate die erediens verstaan aan die hand van drie kenmerke, naamlik: die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word. Daar is genoem dat, wanneer daar oor die erediens besin word, die woord 'samekoms' as 'n uitdrukking van die aard en wese van die erediensgebeure gebruik word, en dat dit in die erediens om die vergadering of versameling van die gemeente, as volk van God, gaan. Só verstaan, kom die gemeente nie as losstaande individue saam nie, maar as gelowiges wat op grond van hul gedeelde geloof in die Drie-Enige God, aan mekaar verbind is. Hierin lê die uitdaging vir die navorsing se verkenning na die erediens van die lewe, aangesien daar vandag 'n inherente spanning tussen die tradisionele verstaan van die erediens (en gemeente) as die samekoms van alle gelowiges, en die tydsgees gekenmerk deur 'n toenemende fokus op anonimiteit en individualiteit, sigbaar is. Die navorser deel egter die oortuiging dat christelike identiteit altyd 'n vorm van groepsidentiteit is, en dat daar gewaak moet word teen 'n oorbeklemtoning van die individu, ten koste van die geheel.

Getrou aan hierdie navorsing se geïdentifiseerde metodologie as 'n post-moderne, multi-dissiplinêre ondersoek, is daar gewys op die bydraes van die sogenaamde Sosiaal-Identiteitsteorieë, wat wys op die mens se geneigdheid tot groepering (op grond van verskeie sosiale grense), en die uitdagings wat dit vir die teologiese ideaal van koinonia, veral binne die Suid-Afrikaanse samelewing inhou. Hierdie proses van groepering is een van die kernuitdagings wat die kerk in die gesig staar in die uitleef van haar roeping binne Suid-Afrika is. In die verkenning van die erediens as samekoms van gelowiges, en die impak van hierdie verstaan vir die alledaagse leefruimtes van lidmate, het die navorser gepoog om daarop te wys dat die uitdaging vir die kerk, binne Suid-Afrika, juis daarin lê om verhoudings tussen persone tot stand te bring wat hierdie onderskeidings transendeer. 'n Doel van die erediens, as samekoms van gelowiges, is die vestiging van gesonde verhoudings wat deur die evangelie en die gedeelde geloof in Jesus Christus, saamgebind word. Die sakramente van die doop en die nagmaal, is hiervolgens uitgewys as belangrike liturgiese rituele, wat kan bydra tot die ontstaan van sosiale kapitaal, binne die samekoms van gelowiges, wat ware gemeenskap tussen persone van verskillende sosiale agtergronde, kan dien.

In die bespreking van die tweede kenmerk, naamlik: die Woord van God, is daar vanuit die empiriese ondersoek bevind dat die Woord van sentrale belang is in die geloofsvorming van gelowiges, mits dit op só wyse tydens die prediking aan die woord kom, dat dit verstaanbaar en relevant tot hul omstandighede en geloofsvrae is. Hiervolgens is die gevolgtrekking gemaak dat die prediking tegelykertyd aan die Bybel (die geskrewe Woord) gebonde is, en op die gemeente in haar situasie gerig is. Wanneer daar oor die Woordverkondiging in die erediens besin word, is die vertrekpunt altyd die skrifgefundeerdheid daarvan. Tóg moet die boodskap daarvan op lewende, toepaslike wyse aan die gemeente kommunikeer word, sodat die gemeente hulle storie en situasie in die boodskap van die

preek herken. Nie net moet die boodskap van die teks gehoor word nie, maar moet dit ook verstaan word sodat dit deur die hoorders geglo kan word. Aangesien die prediking die verkondiging van die Woord van God, deur middel van die mens (prediker) as spreekbuis is, is daar gewys op die belangrike rol wat die persoon van die prediker in die erediensgebeure te speel het. Die navorsing het bevind dat die prediker beslis 'n impak op die prediking, asook die hele erediens het – of ten goede of slegte – dikwels met die beste bedoelings (en ander kere nie). Daarom het die navorsing gepoog om enkele merkers (in terme van persoonlikheidsontwikkeling en retoriese strategieë) aan predikers (of liturge) te bied.

Verder is bevind dat, alhoewel die hele erediens in wese 'n aanbiddingsgeleentheid, en die hele liturgie, aanbidding – hetsy deur lofprysing, danksegging, verootmoediging, skuldbelydenis, gebed, en selfs die nagmaal of doopviering is, lidmate aanbidding grootliks verstaan in terme van musiek en die gebede. Aangesien aanbidding ten diepste te make het met die samekoms van die gelowiges wat diep onder die indruk van God se wese en verlossingsdade in hul lewe is, en daarop reageer, is die aandag verskuif na 'n bespreking van die impak van Godsbeelde op die erediens. Vanuit die empiriese ondersoek, is bevind dat lidmate (en leraars) God primêr leer ken as liefdevolle Vader, wat in liefde vir Sy kinders sorg, beskerm, vergewe en verlos. Aangesien Godsbeelde direk inspeel op die identiteit van gelowiges, as *Imago Dei*, is daar gewys op die potensiële impak van Godsbeelde in die erediens, en die behoefte geïdentifiseer om meer sensitief te wees in ons nadenke oor die rol van Godsbeelde in die erediens, veral binne die unieke uitdagings van die Suid-Afrikaanse kerk en samelewing.

## 5. Die erediens [in] die lewe

In hoofstuk 5 is die fokus verskuif na die tweede kernkonsep van die ontluikende praxis teorie, naamlik: die erediens *in* die lewe, en is daar gelet op die wyse waarop die Sondag-erediens voortleef in die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Dieselfde drie kenmerke van die erediens (met ander woorde: samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word) is gebruik, en verder uiteengesit deur te let op die moontlike wyses waarop hierdie kenmerke voortleef en neerslag vind in die lewens van gelowiges, in die erediens van die lewe. Vanuit die empiriese ondersoek, is bevind dat die samekoms van gelowiges, binne die erediens van die lewe, op drie wyses neerslag vind, naamlik: in die huisgesin, in verhoudingsgroepe, en ook in die gemeenskap met nog-nie-gelowiges, met wie lidmate se paaie op 'n daaglikse basis kruis. Daar is gewys op die noodsaaklikheid van voortgesette nadenke oor die rol (en wyse) van gesinsbediening in gemeentes, en is daar vier moontlike modelle hiervoor bespreek, naamlik: die gesin-inklusiewe jeugbedieningsmodel, die gemeente as gesin bedieningsmodel, die gesin-gebaseerde bedieningsmodel en laastens die gesins-geïntegreerde bedieningsmodel.

Die vraag is ook krities gevra na die wyse waarop gemeentes (en gelowiges) buitestaanders of vreemdeling betrek by, en deel maak, van die gemeenskap van gelowiges. Dat die 'saam met ander gelowiges' in die hart van die Christelike geloof staan, is nie te betwyfel nie. Wat egter nie uit die oog

verloor moet word nie, is die 'saam met ongelowiges' (gaan na al die nasies) wat ook in die hart van die Christelike geloof staan, en dus ook in ons nadenke oor die erediens deurgaans aan die word moet kom. Gasvryheid teenoor 'vreemdelinge' is 'n kritiese belangrike kenmerk van lewende gemeentes en 'n missionale liturgie. Wanneer die samekoms van gelowiges (hetsy as groot geheel, huisgesinne of verhoudingsgroepe) 'n gerigtheid na buite het, word hulle in staat gestel, onder die leiding van die Heilige Gees, om die behoeftes in die samelewing raak te sien en as dienende lede van die liggaam van die dienende Christus, betrokke te raak in die lewens van mense in nood – hetsy mede-gelowiges, ander-gelowiges of ongelowiges.

Hierdie navorsing wil hierdie uitgangspunt dien, deur juis ondersoek in te stel na die impak (of gebrek daaraan) van die erediens en liturgie op die lewens van gelowiges. Vanuit die empiriese ondersoek het die tendens na vore gekom dat, alhoewel lidmate (en leraars) die verkondiging van God se Woord as die verantwoordelikheid van alle gelowiges sien, hul wel 'n onderskeid tref tussen *prediking* (as die taak van opgeleide teoloë) en *verkondiging* (die taak van elke gelowige). Aan die hand van die konsep van *reframing*, soos bekendgestel deur Donald Capps, en later oorgeneem deur Johan Cilliers, is daar gewys op die belangrike rol wat die prediking, in die vorming van nuwe perspektiewe oor God en die lewe, vir gelowige individue het – perspektiewe wat nuwe moontlikhede vir gemeentes en gelowiges se bediening in die alledaagse leefruimtes mag hê. Wanneer God op nuwe wyses leer ken word, lei dit tot nuwe ontdekkings van gemeentes en gelowiges se eie identiteit en bestaansdoel, wat kan inspeel op die wyse waarop die erediens voortleef in die alledaagse leefruimtes van die lewe – die erediens van die lewe.

Daarom is daar laastens gefokus op die derde kenmerk van die erediens, naamlik: aanbidding, en is hierdie kenmerk, vanuit die fokus op die erediens van die lewe, verwoord as 'n totale lewe van aanbidding, in die voetspore van Jesus Christus. Die konsep van Christopraxis (soos deur Andy Root verwoord), is verduidelik ten einde die praktiese implikasie van 'n lewe van aanbidding, as kenmerk van die erediens van die lewe, vir gemeentes en gelowiges te verken. Aangesien God in wese 'n missionale God is, het dit tot gevolg dat die mens ook (as beeld van God) sy/haar identiteit vind binne die besef van sy/haar gestuurdheid na ander en die wêreld in nood. Hierdie uitgangspunt het radikale implikasies vir enige nadenke oor die erediens, en spesifieke die erediens van die lewe. Daarom, as eerste tree op die ontdekking van hierdie implikasie, het die navorsing gewys op die noodsaaklikheid daarvan om die volle omvang (beide persoonlik en sosiaal) van die inherente betekenis van verskeie liturgiese rituele (soos byvoorbeeld die doop, nagmaal, seëngroet en offergawes) tydens die Sondag-erediens aan die woord te laat kom, sodat dit kan voortleef in en deur die lewens van gelowiges.

## 6. Gevolgtrekkings

In hoofstuk 6 word die verskillende stemme oor die verband tussen geloof en lewe, soos in hoofstuk 2 beskryf, met die bevindinge van hierdie ondersoek in gesprek te bring. Die navorser beskryf enkele

praktiese voorbeelde, ten opsigte van verskeie liturgiese rituele, vanuit die voorgestelde verstaan van die erediens, as erediens van die lewe, waarna die navorsing enkele roetemerkers vir verder ondersoek na die erediens, as erediens van die lewe, uitlig.

Alhoewel daar vanuit die filosofiese- en sielkundige geledere nie ooreenstemming bestaan oor die verband tussen geloof en lewe, en of daar wel van só 'n verband te bespeur is nie, dui die empiriese ondersoek van hierdie navorsing wel daarop dat geloof en lewe wel onlosmaaklik aan mekaar verbind is – 'n oortuiging wat met hierdie ondersoek na die erediens, as erediens van die lewe, gemotiveer wil word. Só verstaan, is dit steeds moontlik vir enige persoon om wel met passie en ywer reg en geregtigheid, en selfs net 'n goeie lewe, na te streef, sonder om die Sondag-erediens by te woon, maar in só 'n geval sal die optrede net nie as Christelik, outentiek verstaan kan word nie. Die lewe, wat vir hierdie navorsing van belang is, is die Christelike leefwyse, van gelowiges wat as die liggaam van Christus in die dag-tot-dag leefruimtes 'n verskil wil maak, en wie se lewens deur die erediens (en dus liturgiese rituele) gevorm word, sodat die boodskap daarvan voortleef in hul daaglikse lewe, en hulle lewe daardeur gevorm word. Die tesis sluit dus aan by die bydraes van teoloë soos Johan Cilliers, Hennie Pieterse, Johan van der Merwe, Cas Wepener en Dirkie Smit, wat wys op die belangrike rol van die erediens, in die vorming van gelowiges se lewe, binne 'n Suid-Afrikaanse konteks en samelewing, gekenmerk deur uitdagings van armoede, geweld, transformasie, versoening, en nog meer.

In 'n poging om die verband tussen die liturgie en lewe, soos hierbo bespreek, verder uit lig, word die verband tussen enkele liturgiese rituele (naamlik: die nagmaal, doop, offergawe en seën) en die lewe, kortliks verwoord.

Tydens die nagmaal ontmoet die mens God as die Een wat deur die geskiedenis versoening bewerk het en steeds bewerk. Die nagmaal en die doop is die sigbare uitbeelding van God se plan vir 'n gebroke wêreld en sy mense, deurdat dit heenwys na die lewe, kruisdood en opstanding van Jesus Christus. As herinneringstekens, wys dit op die waarheid dat Christelike identiteit, meer as bloot 'n uiterlike kledingstuk is, maar inderdaad 'n dinamiese lewenswyse in navolging van die voorbeeld van hierdie Christus, wat in die doop en nagmaal aan gelowiges openbaar word. Hierdie uitgangspunt is in stemming met die perspektief van teoloë soos Hans Uytenbogaardt en Joyce Ann Zimmerman, dat die doop en die nagmaal wys op die versoeningsdade van God, deur Jesus Christus, waardeur God die inisiatief geneem het, en in liefde die mens nie net vergewe het nie, maar inderdaad met Hom versoen is. Vanuit hierdie navorsing se verstaan van die erediens van die lewe, behoort die doop en nagmaal uiters relevant en betekenisvol binne die Suid-Afrikaanse konteks en samelewing te wees, aangesien die gelowige daardeur opgeroep word om sy/haar identiteit en lewensroeping te verstaan binne hierdie voorbeeld van versoening. Só verstaan, kry die nagmaal 'n tweeledige betekenis, naamlik: dit wys op 'n liefdesgemeenskap van gelowiges, wat mekaar onderling bemoedig en versorg; terwyl dit ook wys op die karakter van hierdie gemeenskap as 'n offer-gemeenskap wat, in die voorbeeld van Christus wat vir die mens geoffer is, hulself aan die wêreld en ander offer, ten einde die koninkryk van God in die wêreld en lewe van ander te laat realiseer.

Die tesis wil 'n saak stel vir die herontdekking van die waarde van die sakramente, deur middel van die meer kreatiewe omgang met die ritueel as uitvoerende handeling. Die teenargument word meestal gevind in die verwysing na die 'heiligheid' van die doop en die nagmaal – só verstaan word die 'heiligheid' van die doop en nagmaal verseker, deur die gebruik in ooreenstemming met die oorgelewerde tekens en bewoording, en selfs dieselfde oorgelewerde materiële elemente, soos die silwer skinkborde en beker. Die 'heiligheid' van die sakramente word sekerlik nie gevind in die brood en wyn as sulks nie, maar tot die dieper waarheid waarna dit verwys. Net so word die 'heiligheid' beswaarlik verseker deur die tradisionele gebruik daarvan, maar juis eerder in die impak daarvan wanneer dit die evangelie waarheid op só wyse aan die mens bemiddel, dat hy/sy God op nuwe maniere leer ken, juis binne 'n wêreld wat konstant besig is om te verander, en die boodskap van die sakrament in die lewe van mense neerslag vind.

Die offergawes, wat ook as dankoffers bekendstaan, is een van die liturgiese rituele wat vandag, in terme van belangrikheid, agterweë bly. Binne die huidige finansiële klimaat van die gemiddelde Suid-Afrikaner, gekenmerk deur toenemende vlakke van armoede, te danke aan ekonomiese wanbestuur en korrupsie, is talle predikante versigtig om finansies enigsins deel te maak van die liturgie en erediens – daarom dat die offergawe dikwels as 'n addendum tot die liturgie hanteer word, en iets wat so gou as moontlik, en so onopsigtelik as moontlik afgehandel moet word. Tóg lê daar 'n diep betekenis oopgesluit in die woorde: "Gemeente, kom ons 'dien' nou die Here met ons offergawes". Die ritueel van die offergawe spreek juis tot die huidige konteks en ekonomie. Hierdie verstaan het daadwerklike implikasies vir die offergawe as liturgiese ritueel, en die betekenis daarvan vir die erediens van die lewe. Die offergawe wat tydens hierdie ritueel gegee word, is nie allereers die note, of munte wat in die kollektebord (of mandjie) gegooi word nie, maar die mens self wat as offer ingesamel word – net soos die brood wys op die liggaam, so wys die dankoffers op die lewende offers wat ingesamel word, naamlik die gelowige individu, wat hom/haar bereidwillig verklaar tot diens in die koninkryk van God.

In terme van die seëngroet, veral aan die einde van die erediens, wil dit vanuit die empiriese ondersoek voorkom dat die betekenis daarvan verlore gegaan vanweë die formalistiese wyse waarop dit in geykte vorme, week na week op dieselfde wyse, dikwels met presies dieselfde bewoording, geskied. Tóg het die seën as liturgiese ritueel soveel meer om te sê. Wat veral van belang is, is dat die seën en uitsending (en dus geloof en lewe) ten nouste met mekaar verbind word – hierdeur word die gemeente deur God self gestuur, met die versekering dat God self by hulle is, om tot seën vir ander te gaan wees.

## 7 Samevatting

Die navorsing stel 'n saak vir die verstaan van die erediens as erediens van die lewe, waar die lewe in Sy volheid teenwoordig in die erediens is, terwyl die erediens ook voortdurend besig is om in die lewe af te speel, op onverwagse tye, plekke en maniere. As Christene, glo ons in God wat alomteenwoordig is.

Dit het tot gevolg dat God teenwoordig is in alle ruimtes, spasies en in elke oomblik van elke dag. God is teenwoordig in die mens se grootste vertroueling, familie of geliefdes, maar ook in die vreemdeling wat onverwags jou pad kruis. *Bet El* (huis van God) is dus elke oomblik, van elke dag, en elke ruimte van die lewe. Elke oomblik, gesprek of daad is heilig, nie omdat die daad as sulks heilig is nie, maar omdat die heilige God daar teenwoordig is. Die navorser maak daarom eerder ‘n keuse vir ‘n verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, want die ganse lewe, elke oomblik van elke dag, is die ruimte waarin God die mens wil ontmoet, en die mens eer aan die alomteenwoordige God wil bring. *Sondag-erediens* en *Lewe* – twee helftes, van een uurglas, gevul met dieselfde inhoud, wat heen en weer in mekaar vloei.